VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	11/08	**Pieter Bouwsema,** Wyk 7
		Reinet Coetzee,.Wyk 2
Di	13/08	**Erna Venter,**. Wyk 2
Vr	16/08	**Hans Laufs,** Wyk 11

Bede met meelewing: Psalm 34: 4, 8, 9.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: Gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, minute noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 25 Sondag 11 Augustus 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:
Ouderlinge: Wyk 11 **Fanie Jooste** en Wyk 12 **Nico Spaumer.**
Diakens: Wyk 11 **Pieter Jooste** en Wyk 12 **Gert Kruger.**
TEEBEURT: Susters: wyke 3 en 4, Frieda v d Walt en Elsa Reinecke

EREDIENSTE

Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: Handelinge 16:16-40.
Fokusverse: Handelinge 16:32-34.
TEMA: *"Ware geloof in die Here Jesus dra vrug deur die krag van die Heilige Gees."*
Sing: Skrifberyming 11-4:1, 2, 3 (melodie Psalm 146); Psalm 33:1, 5, 6; Psalm 25:3, 5; Skrifberyming 14-1:1, 2, 3.
Bede met meelewing: Psalm 34:4, 8, 9. .

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: Romeine 3.
Fokusverse: Romeine 3:19, 21-24.
Belydenis: Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1, paragraaf 1 & 2.
TEMA: *Wanneer ek die diepte van my ellende besef, sal ek juig oor God se liefde en die nuwe lewe.*
Sing: Psalm 135:1, 2; Psalm 97:1, 7; Psalm 14:1, 2, 3; Psalm 14:4, 5, 6, 7.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***GKSA Sustentasiefonds***

Vanmiddag: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir ***die Teologiese Studentekas*****)**

EREDIENS – HUIS EIKELAAN

Vanmiddag vind die erediens in die Kapel van Huis Eikelaan om 15:30 plaas onder leiding van **prof. Francois Muller** van die Teologiese Skool. Die ouderlinge van wyk 11 en wyk 12 (Fanie Jooste en Nico Spaumer) sal die toesigbeurt waarneem.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEELEWE

Ons betuig ons innige meegevoel met **Marie Kits** wie se skoonsuster Maandag oorlede is. Sy was Riana Denkema, die weduwee van wyle Dr Henk Denkema, wat 'n broer van Marie was. Mag ons troue Verbondsgod sy ryke vertroosting gee aan Marie en die hele familie.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Jane Coetsee is steeds in die versorgingseenheid by Rosetuin. Ons verseker haar en Tillie steeds van ons voorbidding.

Dora Reynecke is Woensdag uit M-Care ontslaan en in die versorgingseenheid van Saddlebrook opgeneem.

Magda Pelser-Van der Merwe het die afgelope week weer 'n afspraak met die oftalmoloog gehad. Dié het verdere bloeding in haar oog waargeneem, en monitor ook die oog om 'n moontlike retinale loslating betyds te kan diagnoseer en behandel.

Bets Schutte is nog onder behandeling vir gordelroos wat twee weke gelede by haar gediagnoseer is.

Wymie du Plessis het Woensdag 'n reeks toetse en ondersoeke ondergaan en die uitslae sou later die week eers bekend wees.

Ons doen voorbidding vir elke lidmaat wat in die versorgings-eenhede van die verskillende aftree-oorde of tuis versorg word. Mag ons hemelse Vader u elkeen met u dierbares in sy liefde en genade dra.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het na siekte en beproewing.

ATTESTAAT ONTVANG:

Vanaf Potchefstroom-Suid: **Machteld Gertruida Anna Maria van Aswegen**, gebore du Toit. Sy is ingedeel in wyk 11 by ouderling Fanie Jooste, diaken Pieter Jooste en wyksuster Wymie du Plessis.
Sy woon in Huis Eikelaan Suidblok 16. ***Baie hartlik welkom!***

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	11/08	15:30	Erediens Huis Eikelaan gelei deur prof DF Muller	**Kapel**
Di	13/08	11:00	Predikantebyeenkoms	**GK Bult**
		15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	14/08	18:00	Bybelstudie	**Konsistorie**
S0	18/08	18:00	Ouderlinge en diakens-vergadering	**Kerkgebou**
			Ouderlingevergadering	**Kerkgebou**
So	25/08		**NAGMAAL** en gemeente-ete	

KATKISASIE	Sondag 18 Augustus	Sondag 1 September
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 19 Skrifberyming 1-2: 2a Sondag 45b Eksodus 20: 8	Les 20 Skrifberyming 1-2: 2a Sondag 46 Eksodus 20: 46
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 13 Graad 3 & 4: Wyk 14	Graad 5 & 6: Wyk 3 Graad 7: Wyk 4
Hoërskoolkatkisasie	Les 13	Les 14

BYBELSTUDIE – WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdagaande om 18:00 in die konsistorie. In sy tyd as redakteur van Die Kerkblad het prof. Jorrie Jordaan 'n reeks Bybelstudies getiteld "Voëlvlug deur die Ou Testament" en "Voëlvlug deur die Nuwe Testament" geplaas. Hierdie Bybelstudies is gebundel en elektronies beskikbaar gestel op die Christelike Biblioteek. Ons begin DV Woensdag 14 Augustus om die Evangelie volgens Matteus te bestudeer. Kontak Gert Kruger (072 314 5534) om u op die WhatsAppgroep te plaas, waar u die studiemateriaal ook kan bekom.